KEMPIE KLETS

Uitgawe 2: 4 Februarie 2010

Geagte Ouers

Januarie is geskiedenis, en die Desember vakansie is 'n maand nader! Soos die weer die laaste paar weke grou, bewolk en reënerig was, lyk dit vir my die Noordelike halfrond se weerpatrone word nou deel van ons lewe. Ons is egter baie dankbaar vir die milde reën en bid saam met u vir die droogte geteisterde gebiede in die Suide van die land.

Gebedsontbyt

Die Kempies se ondersteunersklub nooi elk van u om die gebedsontbyt op 20 Februarie in die ondersteunersklub by te woon. Dr Stephan Joubert is die spreker tydens die geleentheid met tema "***Ek en my tiener***". Kaartjies is teen R30 per persoon beskikbaar by Ansie Gildenhuys (0825767861). Kom deel in hierdie besondere geleentheid.

Queraande in Januarie

Baie dankie vir die groot getal ouers wat die aande bygewoon het. Ons vertrou dat u genoegsame pitkos gekry het en beter voorbereid is op die graad waar u kind hom/haar bevind. Die uitnodiging aan elk van u bly staan om met ons te gesels as dit 'n bydrae tot u kind se akademie en persoons-ontwikkeling kan maak.

'n Besondere woord van welkom aan al die graad 8-ouers wat ook nuut by die Kempies aansluit. Die braai en lekker kuier die aand, ten spyte van die reën, was heerlik.

Siek- en afwesigheidsbriewe

Ouers moet ons asseblief help om betyds die afwesigheidsbrief van u kind by sy voogonderwyser te besorg. Skoolbywoning is verpligtend en redes vir nie-bywoning moet voorsien word. Indien 'n kind na drie dae nie 'n afwesigheidsbrief ingehandig het nie, sal die afwesigheid as stokkiesdraai aangetekn word, en moet die kind bereid wees om die gevolge hiervan te dra. Die verantwoordelikheid is u kind s'n om ons van die briewe te voorsien indien hulle die stokkiesdraai inskrywing wil verander.

Graad 8-kamp

Die afgelope naweek het die graad 8-leerders en hulle voogde die spanboukamp buite Pretoria bygewoon. Dit was pret en plesier "uit die boonste gestoeltes!". Die Voortrekkers het ons lekker bederf met avontuursport, heerlike etes, 'n besondere inlywingseremonie en baie meer. Die "kokkerotjies" het sommer 'n rooi blos op die wange en oë wat glinster noudat hulle ware Kempies is.

Akademiese meriete-aand

Op die datum soos op die kalender aangedui, kon ons nie 'n geskikte lokaal kry nie en moes ons ongelukkig die mooi geleentheid aanskuif na 10 Februarie. Ons weet u kind se prestasie is vir u belangrik en sien daarna uit om u by die aand te verwelkom.

Ten slotte

Ons bied graag verskoning aan vir die wysigings aan die skool se rooster wat hierdie week genoodsaak was. Die verandering is veroorsaak deur die dringende vertrek van een van die personeellede. Dit is die eerste keer in 17 jaar wat ons ons in so 'n dilemma bevind met die oorbou van die rooster. Ek is seker dat ons sommer gou weer die rustigheid in plek sal hê na dié wysiging.

Ons volgende Kempie Klets word weer op 18 Februarie uitgereik. Groetnis tot dan.

Roelof Burger
(Skoolhoof)

GESIGSPUNTKOS

HOE ROOI IS JOU HART?

Hiermee wil ek graag die Kempie-ouers in kennis stel van Hoërskool Kempton Park se Liefdadigheidsprojek wat ons wil begin. Hiermee wil ons Kempies bewus maak van die nood van ander wat minder het en 'n waarde kweek van omgee-vandaar: **Hoe rooi is jou hart?**

Die projek sal geloods word op Vrydag, 12 Februarie 2010 wat die spesiale dag van liefde, 14 Februarie, voorafgaan. Leerders met rooi harte kan die projek ondersteun deur R5 te betaal om op daardie dag iets rooi saam met hul skooluniform te dra. Voorbeelde sal insluit 'n rooi das, rooi kouse, iets rooi in die hare ens. Die fondse sal aangewend word om in die behoeftes te voorsien van leerders wat minder het.

Die projek sal verder reg deur die jaar geskied. Blikkies sal op spesiale plekke geplaas word soos by die kafeteria en mediasentrum, waar leerders, personeel en ouers hul kleingeld kan ingooi as hul die projek wil ondersteun.

As u dus êrens 'n blikkie of plakkaat sien wat lui: Hoe rooi is u hart, weet u nou waarvoor dit staan en wat ons graag daardeur wil bereik. U ondersteuning met hierdie projek wat ons na aan die hart lê, word opreg waardeer.

Indien u enige navrae of bydraes wil lewer rakende die proje kan u gerus Christel Viljoen (Tienerberader) kontak by 011 970 2101.

Uit die finansieskantoor . . .



Neem kennis dat ons die rekeninge van die gr. 8 en 10 – 12 leerders Maandag uitgedeel het. Hulle is tans nog besig met klasindelings by gr. 9 en ons kan dus nie die rekenings vir gr. 9 uitdeel nie. Dit sal binnekort gedoen word. Ons vra dat ouers asseblief nie hulle betalings moet terughou, totdat hulle 'n rekening ontvang het nie. Hulle kan by die kantoor navraag doen, om uit te vind wat die bedrag is. Ons ondervind tans probleme met die stelsel maar hoop om dit so spoedig moontlik te herstel

Aansoeke vir verligting van skoolgeld moet nou by Me. Smith gedoen word. Om te verseker dat u gehelp word, moet u so gou moontlik vorms by haar kry om te voltooi en 'n afspraak reël. Dit moet teen die einde van Februarie afgehandel wees.

BOK BOOM

- TREE FELLING
- PRUNING
- STUMP GRINDING
- SITE CLEARANCE
- FIREWOOD SALES

BOK GROBLER
082 056 5683

GRAAD 10 - 12
onthou die VALENTEINSBAL
op 13 Februarie 2010.
Koste R300.00

CK53 DRIVING SCHOOL AND TRAINING GROUNDS
VISIT OUR GROUNDS AT
ORR AANBLOM AND FLAMBOYANT STR, EDLEEN
LEARNERS LICENSE COURSE:
R350,00 PASS GUARANTEED

SPECIAL PACKAGES AVAILABLE:	R 160.00 per Hour
EXCELLENT PRICES:	R2,000 for 14 Hours
FULL PACKAGE FROM START TILL END:	R4.500
LEARNERS LICENSES ALL CODES:	R 350.00

COLLECT AND DROP-OFF AVAILABLE
DUEL CONTROL VEHICLE
FULLY QUALIFIED INSTRUCTOR
CALL CENTRE 083 419 8043/082 3800 731

CALL CENTRE 083 419 8043

leading pharmacy
MED-ACRES APTEEK
(MEDI TRUST GROEP)
MED ACRES APTEEK Rx

Trots om 'n deel van Kempies te wees

Bekostigbare medikasie wat jy kan vertrou.

- Voorskrifte
- Vitamines
- Totale Cholesterol
- Bloed glukose
- Bloeddruk
- Baba Kliniek & Immunisering
- Gesins Beplanning
- Geskenke

Nuwe Parfuums teen ongelooflike pryse !!

Maandae-Vrydae	Saterdae	Sondae & Vakansiedae
08h00 - 19h00	08h30 - 14h00 17h00 - 19h00	09h30 - 13h00 17h00 - 19h00

Winkel 2-5, Glen Acres Sentrum
H/V Monument & Dann Weg
Glen Marais, Kempton Park
Posbus 11262, Aston Manor 1630

Tel : (011) 391 2490
(011) 391 2399
Fax : (011) 391 4555
medacres@intekom.co.za

Musiekakademie

Die musiekakademie van Hoërskool Kempton Park funksioneer reeds vir 'n paar jaar en 'n waardevolle bydrae op kultuurgebied word aan die gemeenskap in en om Kempton Park gelewer.

Die volgende instrumente word aangebied: klavier, viool, tjello, individuele sang, kitaar, klawerbord.

Daar word ook aan eksterne eksaminering en kunswedstryde deelgeneem.

Voorskoolse tot volwasse leerlinge word toegelaat.

Vir enige navrae skakel Me Senekal by 011 972-5061(h) 079 516 8908(s) of by die skool 011 970-2102.

Sluitkassie Verhuring

Kempies kan groot en klein sluitkassies huur teen R100 vir 'n groot sluitkassie per jaar en R80 vir 'n klein sluitkassie per jaar. Aansoekvorms is by Me Doman beskikbaar in K18 of in die kantoor.

Ons versoek ouers om asseblief die reëls saam met hul kinders deur te lees om sodoende die gebruiksvoorwaardes na te kom. Volledig ingevulde vorms word dan by me Doman ingehandig met die korrekte bedrag, asook 'n spaarsleutel in 'n duidelik gemerkte koevert. Leerling gebruik hul eie slotte.
Kodeslote word nie aanbeveel nie.

Engelse debat

Die Engelse Debat begin reeds hierdie week met opleidingsessies vir leerlinge wat belangstel om vanjaar deel te neem, asook te beoordeel. Die SACEE (Engelse Hoërskole) –liga vind ook plaas vanjaar.

Belangstellendes kan Me Doman in K18 kontak vir meer besonderhede

Avontuur Daguitstappie

"A blast from the past" . . .
wen 'n rugsak!

Hierdie avontuur-daguitstappie vind plaas op 13 Februarie 2010
Bring 3 of meer maats of jou gesin saam om in die pret te deel en jy het 'n kans om 'n rugsak vir die daguitstappies te wen!

Waar: Die Tswaing meteorietkrater – 'n 220000 jaar oue krater met 'n diepte van 1,4 kilometer, geleë binne- in 'n natuurbewaringsgebied van 2000 hektaar. Hier is ietsie vir almal om te doen – stap, wild- en voëlbesigtiging, ontspanningsgeriewe . . .

Onkoste: 1) Ouers/gesinnewat met eie vervoer gaan betaal eie toegang en neem hul "braai-piekniekgoed" saam.
2) Kempies wat van skoolvervoer gebruik maak se onkoste beloop R50 en sluit vervoer, toegang en middagete in!

Vertrek: 13 Februarie om 8:00 vanaf kafeteria

Terug: 13 Februarie om 15:30 by die kafeteria

Drag: Onstpanningsdrag, gemaklike skoene en hoedjie

Navrae en finale briewe by K106.

Interne Redenaars

Alle belangstellendes

Die jaarlikse Interne redenaars vind **Woensdae 10 Maart** in die personeelkamer plaas.

GRAAD 8 EN 9
Tyd: 14:00 - 16:30
Onderwerpe: Tiener kommunikasie
Trots
Erkenning

GRAAD 10 TOT 12
Tyd: 16:30 —19:30
Onderwerpe: Sisteme
Kompromie
Wasem

- Toesprake moet tussen 5 —7 minute lank wees.
- Kom gee asb. jou naam op by me Jeanette Roodt in kamer 8.

Die 5 beste junior en 6 beste senior leerders neem die 23e April aan die 1e uitdunne van die ATKV kompetisie deel.

Baie sterkte met die voorbereiding

Atletiek

Drie KEMPIES het puik aanprysings ontvang by die Sentraal Gauteng Prestige prysuitdeling:

Anri Steyn en Michael van Aswegen
is aangewys as die mees belowende Junior atlete in Sentraal Gauteng.

Pieter Wilders
is ingesluit in die voorlopige SA Junior Landloopspan.

KEMPIES het die afgelope naweek aan 'n vriendskap-like byeenkoms by Olympiapark in Rustenburg deelgeneem. Heelwat atlete het puik presteer. Die volgende atlete het meer as 850 ABSA punte behaal:

850+

Chanel Potgieter	O/15D HS 1,52m 877
Chrizanne Markram	O/15D 300mH 46,40 851
Kevin Hinton	O/15S 300mH 40,50 853
Charlize Jonker	O/16D 100m 12,38 893
Sydney du Plessis	O/15S SW 43,80m 842
Ricardo Venter	O/14S 100m 11,89 861
Kevin Hinton	O/15S 100m 11,40 886
Sanmarie Malan	O/19D 200m 24,94 857
Izelle Vrey	O/17D VS 5,37m 854
Channel Potgieter	O/15D 400m 59,79 879
Monique Stander	O/15D 400m 60,04 868
Ruanco Pelser	O/16S 400m 50,91 892
Chrizanne Markram	O/15D 90mH 13,50 850
Francious Uys	O/14S SG 48,26 859
Chantelle Jv Rensburg	O/15D H'S 1,58m 881
Dante Muller	0/16D 200m 25,84 861
Ruan Wagner	O/16S 200m 23,24 886
Jaco Beukes	O/16S 200m 23,56 850
Seuns Aflos	O/15 47,00 870
Seuns Aflos	O/17 44,50 850

900+

Tiaan Jacobs	O/15S 1500m 4,14.10 943
Dante Muller	O/16D 100m 12,20 932
Kevin Hinton	O/15S 100mH 13,70 914
Tiaan Botes	O/16S 800m 2,05.40 940
Chanelle Potgieter	O/15D 200m 25,62 927
Seuns Aflos	O/16 44,40 934

950+

Anuschka J v Vuuren	O/14D 100m 12,40 973
Chrizanne Markram	O/15D 100m 12,16 986
Tiaan Jacobs	O/15S 400m 51,20 947
Anuschka J v Vuuren	O/14D 200m 26,00 958

1000+

Ruanco Pelser	O/16S 100m 10,62 1014
Tiaan Jacobs	O/15S 800m 2,00.20 1020

Gimnastiek

"Koningsport" !

Die Vlak 1 – 3 SA-kampioenskappe vind vanjaar reeds op 4 Junie plaas – 'n maand vroeër as ander jare – die rede: SOKKER!

Daarom is die Kempies ook reeds vroeër aan die gang en bied dit die bogenoemde gimnaste genoeg tyd en die Vlak 4 – 7 gimnaste, langer tye om voor te berei.

Die Kempies het verlede jaar gespog met 28 SA-gimnaste wat in totaal 17 medaljes tydens die finale kampioenskappe verower het – 'n prestasie waarop ons nie net 'n "bietjie" trots is nie. Boonop is Monique Muller (Ritmies) en Quintin Engelbrecht (Artisties) albei aangewys as "Gimnas van die Jaar" in Oos-Gauteng – hierdie toekennings was groot nuus, aangesien dit 'n "**eerste**" was vir die Kempies!

Volledige reëlings en oefentye is reeds tydens 'n vergadering aan alle belangstellendes gegee. Indien jy nie daar was nie en nog belangstel, is briewe by me H Smit in K106 beskikbaar. Daar's 'n plekkie spesiaal vir jou, selfs al het jy nog nooit enige gimnastiek gedoen nie!

Word deel van die Artistiese-, Ritmiese- en Trampolien Kempioene! Afhangende van belangstelling en beskikbare oefentye is Akro-gimnastiek ook in ons toekomsbeplanning.

WINTERSPORT 2010
Algemene Jaarvergadering

Aandag! Aandag! Aandag!

Alle ouers wie se kinders aan sportsoorte in die NuPower/Tuks-reeks gaan deelneem, word hartlik genooi na 'n Algemene jaarvergadering op Donderdag, 11 Februarie 2010 om 18:00 indie skoolsaal, waarna daar 'n bring-en-braai op die aantreeblad sal wees (vure en roosters sal voorsien word)

Besprekingspunte:

- Die "nuwe" sportstruktuur en toerreëlings van die verskillende spanne.
- Ouerforums vir elke sportsoort sal verkies word.

Muurbal

Johannes Redelinghuys het die Kempie- muurbal -kampioenskappe gewen wat op 18 en 21 Januarie plaasgevind het. ***Baie geluk Johannes! !***

Kempies het 'n 1ste span en 'n B-span vir die liga ingeskryf. Beide speel in die A-liga.
15 spanne van 11 skole speel in hierdie liga.
Die liga begin 29 Januarie tot 21 Mei.